DAG 25

Christene – die gesalfdes

Lees Lukas 4:18-19.

In Antiogië is die gelowiges die eerste keer Christene genoem (Hand. 11:26).

Daar is geen twyfel in ons hart dat Jesus werklik die gesalfde van God was nie. Daarom is dit maklik om na Hom te verwys as Jesus, die Christus, die Een wat waarlik gesalf is. Christus beteken immers "Gesalfde". Hy is tog bekragtig met die volheid van die Heilige Gees. Daarom kon Hy hier wandel as verteenwoordiger van die hemel.

Kort na die vestiging van die kerk word daar ook na die gelowiges as Christene verwys. Letterlik sou dit beteken "die gesalfdes". Dit beteken dat die teenwoordigheid van God hulle lewe gevul het.

Salwing was 'n gebruik in die Ou Testament waardeur mense afgesonder is vir bepaalde funksies. Dit het heengewys na die Nuwe Testament waar die Heilige Gees vaardig sou word in die lewe van elke gelowige om ons te

bemagtig. Daarom het Jesus self vir die dissipels gesê dat hulle krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. Dit is 'n bonatuurlike bemagtiging wat die Here wil wakker maak in die lewe van elke gelowige wanneer ons toelaat dat sy hemelse olie oor ons drup. Hy belowe vir jou dat jy gedoop kan word in sy Heilige Gees. Hy wil dit vir jou doen. Vra Hom sodat jy dit vandag nog kan beleef.

Here, maak my lewe oop vir u salwing.

Aantekeninge: